

HOOFSTUK 3: DIE SKEIDING WAT ONDER DIE MENSE GEVESTIG IS

1. Kain en Abel (Gen. 4,5)

In Genesis 3:15 het die Here 'n baie duidelike skeiding aangekondig wat onder die mense tot stand sou kom: Hy het aangekondig dat iemand uit die vrou se saad gebore sal word wat die slang se kop sal vermorsel. By implikasie het die Here daarmee uitgespel dat daar onder die mensdom wat uit Adam en Eva gebore gaan word, een groep gaan wees wat die duiwel gaan aanhang en 'n ander groep wat God sal bly aanbid. So het die vloek van God oor die mensdom waar geword.

Nie baie lank daarna nie het wat die Here gesê het, fisies waar geword.

- Kain was die oudste seun van Adam en Eva, en Abel was die tweede seun.
- Kain het sy lewe nie in gehoorsaamheid oorgegee aan God nie, terwyl dit geblyk het dat Abel 'n gelowige was.
- Kain het 'n saaiboer geword en Abel 'n veeboer. Dit is die eerste verdeling van arbeid onder die mense.

Hulle het albei vir die Here gaan offer. Om te offer was die eerste vorm van erediens en aanbidding.

- Met hulle offers het hulle gewys dat die mens die drang gehad het om gemeenskap met God te hê.
- Dit is 'n simboliese aanduiding van hoe iemand met alles wat hy het hom aan die Here toewy.

Om uiterlik die Here te dien, kom nie noodwendig voort uit 'n diep innerlike band met die Here nie. Die eerste paar mense se godsdiensgeskiedenis wys dit al! Kain het nie uit vroomheid gaan offer nie, want hy was nie vroom nie. Waarom het hy dan geoffer? Die enigste antwoord is dat dit toe reeds 'n gewoonte was! Abel het ook dieselfde gewoonte gehad, maar sy motivering was anders: Hy het dit uit vroomheid gedoen.

Die twee seuns se offers was taamlik verskillend:

- Kain het van wat hy geplant of gesaai het, gebring om te offer.
Kain se offer was slegs 'n uiterlike vorm, en daarom 'n vrugtelose werk.
- Abel het van die eerste aanteel van diere gebring, naamlik van hulle vet.
Abel het in geloof geoffer.

Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is (Heb. 11:4, AFR1953).

- Kain het geweet dat die Here sy offer nie aangeneem het nie. Dit was vir hom duidelik deur die innerlike getuienis van sy hart.

. . . nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig (1 Joh. 3:12, AFR1953).

Dit is belangrik om hierby te lees wat die Here self later oor Kain openbaar:

Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is (Heb. 11:4, AFR1953).

. . . nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig (1 Joh. 3:12, AFR1953).

Wee hulle, want hulle het die weg van Kain bewandel en om loon hulleself in

die verleiding van Bileam gestort en in die verset van Korag omgekom (Jud. 1:11, AFR1953).

2. Kain verwerp die Here en vermoor Abel

God, wat die Kenner van die harte is, sien die verskil in die twee manne se innerlike raak. Daarom neem Hy Abel se offer aan en verwerp Hy Kain s'n. Kain het toe baie kwaad geword!

Kain het hatig geword op Abel. Die vyandskap wat God in die tuin aangekondig het toe Hy Adam uitgedryf het, het hier waar geword. Kain het besluit om Abel te vermoor.

- God het Kain nie maar net aan sy lot oorgelaat nie. Hy het Kain opgesoek en aan hom verduidelik dat dit met hom ook goed kan gaan as hy goed doen.
- In die aanmoediging van die Here was daar ook 'n waarskuwing; daar sou vir hom blydskap wees as hy goed doen, met ander woorde “Kom tot bekering!” Hy het egter nie geluister nie.
- Hy het hoe langer hoe meer afgunstig op sy broer geword. Uiteindelik het sy emosies oorgegaan in nyd, haat, toorn en uiteindelik moord.
 - So word Adam se eerste seun 'n moordenaar en sy tweede seun 'n martelaar.

Dit is verskriklik dat die eerste mens wat gebore is na die sondeval, hel toe is! Kain het so ook die moordenaar geword van die gelowige geslag.

3. Die Here straf Kain

God het Kain twee keer tot verantwoording geroep. Die eerste keer voor die moord en die tweede keer na die moord.

- Na die moord het die Here Kain weer gaan opsoek, want Hy wou Kain se sonde aan hom bekend maak. Daarom het die Here vir hom gevra: “Waar is jou broer Abel?”
- God se barmhartigheid kom hierin na vore. Hy wou Kain tot skuldbelydenis dwing, maar dit was net so vergeefs as die waarskuwing.
 - Kain was totaal verhard en het God verwerp – al het God hom persoonlik opgesoek.
 - Die liefde in hom was stukkend en reeds met haat vervang.
- Kain lieg onbeskaamd vir die Here, maar die bloed van Abel het na die Here geroep, met ander woorde dit het teen Kain getuig.
- Die Here het Kain vervloek. Sy straf is dus swaarder as Adam s'n. In Adam se geval is die aarde om sy ontwil vervloek. In Kain se geval is hyself vervloek.
 - Kain mag wel bly lewe – die Here maak hom nie ook dood nie.
 - Hy is egter van die Here af verdryf.
 - Die Here het ook 'n teken aan hom gegee sodat hy nie deur enigiemand doodgemaak sou word nie.
 - Die aarde sou egter ook nie meer sy vrugbaarheid en oeste vir hom gee nie.

Kain het nooit vir sy sonde (misdad) om vergifnis gevra nie! Hy sê: “My skuld is te groot om te dra.” Dit is egter woorde wat sy wanhoop uitbeeld. Dis die wroeging van 'n verharde. In Kain is daar geen skuldbesef en berou nie.

Kain het toe die gemeenskap van sy familie verlaat en in die land Nod gaan woon. Daar het hy vir hom 'n stad gebou.

4. Kain se nakomelinge

Dit word in die geskiedenis van Kain se nasate duidelik dat die Here hulle verwerp het en dat hulle aanhangers van die ryk van die “slang” geword het (Gen. 3:15).

Soos wat die nakomelinge van Kain opgenoem word, sien ons hoe hierdie geslag los van God en sonder gehoorsaamheid aan Hom ontwikkel. Dit was ook volgens die raad van God. Die geslag van Kain gaan die dag van toorn tegemoet – Romeine 2:5 (AFR1953):

Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God.

En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die verderf toeberei is, verdra het, juis om bekend te maak die rykdom van sy heerlikheid oor die voorwerpe van barmhartigheid wat Hy voorberei het tot heerlikheid, . . . (Rom. 9:22-23, AFR1953).

Die Here openbaar die volgende van Kain se nasate:

- Die sewende man in die geslagte van Kain is 'n man met die naam Lameg. Hy was 'n man wat in sy eie krag gestaan het.
- Lameg neem vir hom twee vroue – Ada en Silla. Dit is die eerste keer dat veelwywery in die Bybel genoem word. Dit is ook teen die skeppingsordinansie waar God vir Adam een vrou gemaak het toe hy hulle geskape het.
- In die lied van Lameg kan die verwaandheid en wraaklustigheid van hierdie geslag mense duidelik gesien word (Gen. 4:23,24, AFR1983):

Ek maak 'n man dood as hy my wond, 'n seun as hy my seermaak. Kain sal sewe maal gewreek word, Lameg sewe-en-sewentig maal!

By hierdie Lameg kom ons agter dat hy al so veragter het in sy beeldskap met God dat hy met die skeppingsorde breek. Hy stel nou die orde van goddelose mense daar:

- Hy neem twee vroue en hy verhef hom teen die straf van God.
- Hy stel sy eie vergelding teen iemand wat hom skade aandoen baie hoër as wat God se straf is teen iemand wat moord pleeg!

Lameg het nou al so veragter dat hy nie eers meer die wanhoop van Kain ken nie! God straf moord sewevoudig – maar hy wreek 'n oortreding teen hom sewe-en-sewentig maal! Kyk net wat het die satan nou al met die mense reggekry met sy belofte dat die mens soos God sal word!

Die geslag van Kain het heeltemal met 'n lewe van aanbidding van die Here gebreek en hulle toegespits op die natuurlike gebied (wetenskap, kuns en tegnologie). Hierin het hulle vinniger ontwikkel as die nageslagte wat binne die Here se genade gebly het.

- Die drie seuns van Lameg het baie presteer op die natuurlike gebied:
 - Jabal was die stamvader van die tentbewoners wat saam met hulle vee getrek het.
 - Jubal was die eerste wat musiekinstrumente – lier en fluit – gemaak en daarop gespeel het.
 - Tubal-Kain was 'n smid wat koper- en ysterinstrumente gemaak het.
- Hierdie kultuurontwikkeling was egter sonder ware godsdiens. Die eer van God het hierin ontbreek. Dit was die triomf van mense in die waan dat hulle hulle onder die vloek van Kain uitgewerk het.
- Hierin het ons duidelik te doen met die valse openbaring wat deur die satan gewerk word:
 - Sonder God is daar wetenskap en ontwikkeling.
 - Sonder God bereik mens die hoogste doel in die lewe.
 - Sonder God het jy die mag van wraak onder jou beheer.

Hierdie ontwikkeling van Kain se nasate staan in skerp kontras met Set se nasate wat aanvanklik nie hierdie hoogtes van ontwikkeling bereik het nie. Dit het nie beteken dat die gelowiges nie hierdie

gawes het nie. Dit was bloot 'n aanwending van die mens se gawes deur die ongelowiges (deur Satan aangehits) om die indruk te skep dat mense wat vrygeraak het van God, beter kan doen (hulle toegekende gawes beter kan ontwikkel) as dié wat in aanbidding aan Hom vasgevang sit.

5. Set se nasate

Adam en Eva het na hierdie twee kinders nog baie kinders gehad (Gen. 5:4). Die Here openbaar van een van hierdie kinders dat hy en sy nasate binne die Here se liefde gebly het. Hy was Set.

- Hy is die eerste kind wat Eva gehad het na die dood van Abel.
- Hy was vir haar 'n geskenk in die plek van Abel, en Set sou die stamvader word van die gelowige geslag.
- By Set se nageslag sien ons 'n diepe godsdienstebeleving en ryke godsvrug. Die openbaring van God het in hierdie geslag bewaar gebly.

Die sewende man in die nageslag van Adam (Set) is Henog. Hy is in elke opsig anders as Lameg wat die sewende man in die geslag van Kain is:

- Henog bely God met sy hele lewe.
- Henog bely die reg van God! Die Nuwe Testament openbaar dit van hom:

En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tien duisendtal, om gerig te hou oor almal en al die goddelose mense onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het, en oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars teen Hom gesprek het (Jud. 1:14-15, AFR1953).

- Henog **het ook nie baie oud geword nie; toe het die Here hom weggeneem uit hierdie lewe uit.** Ons lees nêrens dat hy dood is nie. Daarom laat dit ons met die verstaan dat die Here hom lewendig uit hierdie lewe uit opgeneem het in die hiernamaals.

Om eredienste te hou is glad nie so modern soos wat ons soms dink nie. Die Here openbaar dat die mense in die tyd van Enos reeds begin het om die Naam van die Here aan te roep (Gen. 4:26).

Uit hierdie geslag mense het daar ook roemrykes bekend geraak. Maar hulle was vir 'n ander rede bekend en beroemd as wat die beroemdes uit die geslag van Kain beroemd was: hulle was bekend vir hulle geloof en die krag van hulle geloof.

- Henog staan in hierdie geslag uit as 'n toonbeeld van 'n godvrugtige lewe. Hy het naby God geleef, en God het hom op wonderbare wyse weggeneem van die aarde.
- Metusalag was die man wat die oudste geword het van die aartsvaders, naamlik 969 jaar.
- Terwyl die natuurlike gawes in die geslag van Kain geskitter het, het die genadegawes in Set se geslag na vore gekom.

Dit was die vermenging van hierdie twee geslagte wat gelei het tot verdorwenheid onder die mense (Gen. 6) en uiteindelik tot die sondvloed.

Die skeiding tussen die “vrou se saad” en die “slang se saad” gaan voort. Daar is voortdurend mense wat uit die groep gelowiges uitgeskuif word in die wêreld van ongelowiges in. Dit gebeur in kleiner groepe soos 'n huisgesin, maar ook in groter groepe, soos waar al die mense saam was by Babel.

6. Die aartsvaders

Skepping tot sondvloed

Adam

Set

Enos

Na sondvloed

Sem

Arpagsad

Selag

Kenan
Mahalalel
Jered
Henog
Metusalag
Lameg
Noag
Sem, Gam, Jafet

Heber
Peleg
Reü (Rehu)
Serug
Nahor
Tera
Abraham